

ROLSPEL AS AANVULLENDE ONDERWYSMETODE VIR KREATIEWE ONDERRIG
EN LEER VAN TAALVAARDIGHEDE

*Dr. Rykie Snyman
Universiteit van Pretoria*

1. 'N INLEIDENDE ORIENTERING

Probleme in verband met die skoolse onderrig van Afrikaans as eerste taal is op 'n verantwoorde wyse in 'n memorandum (Bylae A : Professionele komitee TOD 1987) uitgelig. In algemene opmerkings van onderwyskundiges oor dié probleme is daar kommentaar in die dokument wat kan dien as motivering vir die onderhawige studie, ek haal aan:

"Om die onderrig van Afrikaans weer op die regte spoor te bring, is dit nodig dat wegbeweeg moet word van stereotipe onderrigmetodes". Voorts word dit ook genoem dat onderwysers van Afrikaans aan bande gelê word deur die byna verpligte najaag van eksamenresultate. Gevolglik beperk die sg. "papegaaiwerk" die skeppende uitlewingsgeleentheid wat effektiewe taalonderrig kenmerk.

'n Studie van rolspel as onderwysmetode vir effektiewe taalonderrig toon duidelik dat dit nie hier gaan om die bekende dramatisering en improvisering nie, maar dat dit wel 'n nuwe benadering is wat kreatiewe onderrig en leer van 'n taal kan verseker. Die fokus val hier sterk op onderwysersopleiding, aangesien daar nie vernuwing in die skole kan kom as die aspirant-onderwysers nie sodanig toegerus is nie.

Die onderwysmetode van rolspel plaas die onderwyser en die leerlinge wat betrokke is in 'n lessituasie onmiddellik binne die "werklikheid" self. Die begrip werklikheid beteken hier die bepaalde taalinhoude wat onderrig en geleer moet word tydens 'n bepaalde les.

Die volgende aspekte sal in die referaat onder oë geneem word ten einde die saak verder te begrond:

- 'n Interpretasie van die begrip kreatiwiteit en sy verband met rolspel, taalonderrig en die leer van taal.
- 'n Model vir die beplanning van "rolspellesse" vir 'n skoolse situasie.

Wanneer daar besin word oor die aard en wese van rolspel word dit duidelik dat dit 'n ondersteunende en aanvullende metode is by die bekende algemene metodes van taalonderrig. Die besondere funksie van die rolspelmetode is om die leerling 'n geleentheid te bied om sy reeds verworwe taal tot die uiterste toe in te span. Rolspel as metode se taalleerdoelwit is dan ware taalverowering en hantering wat daartoe bydra dat die leerling in die skool die taalvaardighede vir haar/sy leefwêreld kan bemeester.

2. PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Soos blyk uit die inleiding is die doel van hierdie referaat om weer eens op kreatiwiteit in die onderwys te fokus, maar vanuit 'n ander of nuwere gesigshoek, nl. vanuit die metode van rolspel. Die doel is verder om 'n teoretiese grondslag vir hierdie genoemde begrippe uiteen te sit. Die twee vlakke waarop hierdie aspekte figureer is ten eerste die opleiding van die Afrikaans- of taalonderwyser op tersiêre vlak en tweedens die onderrig en leer van die onderwyser/es en leerling respektiewelik op die sekondêre skoolvlak. Soos later duidelik sal blyk, is hierdie werk net so toepaslik op die ander onderwysvlakke en vakke wat nie hier genoem is nie. Ten einde die verband tussen kreatiwiteit en die onderwysmetode van rolspel weer later te kan aandui, volg daar 'n kort bespreking van die essensies van kreatiwiteit in die onderwys wat relevant is vir hierdie referaat.

3. KREATIWITEIT

3.1 'n Begripsverheldering

Kreatiwiteit bly 'n belangrike begrip vir die onderwys, veral in die hedendaagse konteks, aangesien daar oral op onderwysvlak getwyfel word daaraan of ons kreatiwiteit werklik op prys stel en aanmoedig. Die twyfel is geregtig in die lig van die feit dat taalonderrig in die skool dikwels te geordend, rigied en afgespits op hoë prestasie en goeie eksamenresultate aangebied word. In die verband haal ek die volgende aan uit Beeld (27 April 1985): "Ook in die opvoedkunde is geordende denke omskryf as riglynige denke van die soort wat sê $1 + 2 = 3$. Maar kreatiewe denke loop heeltemal 'n ander pad. Dit kan omskryf word as die vermoë om faktore wat skynbaar nie met mekaar verband hou nie, in 'n groter verband te verenig en daaruit verrassende nuwe afleidings te maak. Dit is hierdie byna speelse soort denke wat dikwels deur ons skoolstelsel vernietig word."

Rudolf Seitz (1974:28) pak die saak op 'n wetenskaplike wyse aan en hy beskou kreatiwiteit as 'n wyse van dink, van informasie hanteer, van dinge waarneem en van antwoord op die appél wat van die wêreld uitgaan. Sieninge oor kreatiwiteit wat by die meeste outeurs oor die onderwerp te vinde is, is hoofsaaklik die volgende:

- Kreatiwiteit is die individu se vermoë om uit bekende informasie of materiaal nuwe sisteme of kombinasies te skep wat voorheen aan hom onbekend was, of die oorsake van bekende kombinasies na nuwe situasies en die vorming van nuwe relasies.

- Kreatiwiteit kan literêr, op die vlak van die skone kunste, wetenskaplik, tegnologies of metodologies van vorm wees aangesien die moontlikheid van kreatiwiteit oor die hele spektrum van menslike bedrywighede strek.
- Kreatiwiteit beteken die aktualisering van die eie moontlikhede tot die realisering van kreatiewe resultate en in die sin is dit die uitdrukking van die self tydens sy vorming. Kreatiwiteit impliseer altyd divergerende denke.
- Kreatiwiteit is meer as blote spontane en intuïtiewe handelinge aangesien denke op kognitiewe vlakke 'n voorvereiste is vir kreatiwiteit. Piaget het reeds lank gelede gewys op die verband tussen kognitiewe denke en kreatiwiteit en dat kreatiwiteit bevorder word deur kognitiewe denke.
- 'n Begrip wat baie sterk op die vlak van kreatiwiteit figureer is innovering, wat dui op verandering deur die invoer of gebruik van 'n nuwigheid. In die onderrig en leersituasie beklee innoveringe as kreatiewe denkhandelinge 'n belangrike plek, nie net wat die onderwyser betref nie maar ook die innoveringe van die leerlinge.

3.2 Kreatiwiteit, innovering en onderwys op twee vlakke

Die werk, publikasies en navorsing deur o.a. Guilford, Torrance, Kagan, McKinnon en hier te lande Maarschalk, de Koning, ens. beskryf die noodwendigheid van kreatiwiteit in die onderwys en opvoeding tot ware volwassenheid. Hulle wys ook op die belangrikheid van die voorsiening van leerervaringe wat kreatiwiteit by die leerling sal bevorder sodat individue in 'n snel veranderende samelewing sal kan leef. Onderzoekers is dit ook eens dat 'n mens opgevoed kan word tot die realisering van kreatiwiteit. 'n Seleksie van aspekte wat relevansie vir die onderwys het, is die volgende:

- Die leermilieu het 'n groot invloed op innovasies vir die verkryging van kreatiewe resultate. Dit impliseer dat die leeratmosfeer oop en ontspanne moet wees vir kreatiwiteitsonderwys: leerlinge moet byvoorbeeld vry wees van angs vir foutering.
- Aktiewe deelname aan die onderwysaktiwiteite, gebruik en hantering van die konsepte van die inhoude deur die leerling is essensieel vir kreatiewe resultate.

- 'n Bepaalde voorkennis van inhoud, kundighede, vaardighede en tegnieke is voorwaardes vir kreatiwiteit aangesien kreatiewe pogings begin by die reeds bekende. Kennis, begrip en toepassing van feite en konsepte gaan kreatiwiteit vooraf terwyl kreatiewe resultate en denke as hoër intellektuele vaardighede manifesteer in die hoë kognitiewe denkvlakke, naamlik analise, sintese en evaluering. (Na die kognitiewe domein van Bloom.)
- Kreatiewe leer oorskry blote herroeping van gememoriseerde feite, dit voorsien die leerder van geleentheid tot eie, nuwe betekenisgewing.
- Kreatiewe leer vertoon die neiging om 'n probleemoplossingsproses te beskryf. Die idee van die verband tussen kreatiewe denke en probleemoplossing word ondersteun deur o.a. Guilford (1977): "Problem solving and creative thinking are closely related. The very definitions of those two activities show logical connections. Creative thinking produces novel outcomes, and problem-solving involves producing a new response to a new situation, which is a novel outcome. Thus, we can say that problem-solving has creative aspects".

Die essensies van kreatiwiteit soos hier beskryf is, is daárdie aspekte wat deur die onderrig en leer van taal op tersiêre vlak (opleiding van taalonderwysers) en sekondêre skoolvlak aangespreek behoort te word vir die realisering van kreatiwiteitsdoelwitte, deur o.a. die metode van rolspel as 'n aanvullende metode. Rolspel setel in die dramaverskynsel, daarom is 'n verduideliking van drama-in-die-onderwys vir hierdie betoog relevant.

4. DRAMA-IN-DIE-ONDERWYS

4.1 'n Begripsverheldering

Die praktyk om essensiële kenmerke van die drama in die onderwys te implementeer is dekades reeds bekend. Die tradisionele vorme hiervan in die onderwys is die metodes van dramatisering en improvisering wat soms met welslae in die onderwys aangewend word.

Die feit dat drama o.a. 'n herpresentasie en 'n interpretasie van handeling van die leefwêreld of van 'n verbeelde leefwêreld is, toon reeds 'n verband met onderwys aangesien die kind volwasse word aan die hand van die beheersing en toe-eiening van die werklikheid of anders gestel geselekteerde leerstof. Essensiële kenmerke van drama wat ooreenkom met kenmerke van die leefwêreld van die mens en dus 'n geskikte vorm bied

vir onderwys is o.a. die universele tema van 'n drama, strydelemente wat spanning, botsing en konflik veroorsaak. Drama is ook handeling, dit betree die gevoelswêreld van die mens en draai om 'n sterk probleemelement wat ook ewe sterk in 'n onderwysituasie behoort te figureer.

De Kock (1987:14) stel dit duidelik dat drama-in-die-onderwys 'n kunsvorm is in diens van die onderwys met die doel om aan die kind die geleentheid te bied tot kreatiewe, oorspronklike denke en om 'n groter begrip van homself en sy leefwêreld te verky. Ons weet dat die aard van drama hom daartoe leen dat 'n leerder in 'n onderwysituasie verbeelde werklikheid as ware werklikheid kan beleef. Opvoedkundiges beklemtoon nog altyd dat onderwys LEWENSNAVY moet wees; deur drama te implementeer kan mens juis dit bereik. In die verband lig Robinson (1980:71) veral drie kenmerke van die ervaring van drama uit wat betekenis het vir die onderwys, nl.: "(i) a spontaneity (ii) a nowness that is tied to the future, and most importantly (iii) ME in the experience. It is happening to ME; I am making it happen...".

In die verband is dit belangrik om net kortliks te verwys na die verskil tussen die dramakuns en drama-in-die-onderwys. In die dramakuns interpreteer die dramaturg die leefsituasie en word dit geloofwaardig deur middel van die tegnieke van die teater en die akteurs aan 'n gehoor weergegegee. In drama-in-die-onderwys neem die leerlinge die rolle van dramaturg, akteur en gehoor en word die leerlinge deur die drama-ervaring verryk. 'n Vereiste is hier dat die leerling bereidwillig moet wees om 'n verbeelde wêreld te betree; in die geval sal improvisasie 'n besondere hidrae lewer tot die uitbeelding van 'n betrokke situasie. Die kommunikasie in so 'n uitbeelding vind nie net d.m.v. handeling plaas nie maar ook deur taal in al sy gebruiksvorme wat dan die waarde van drama-in-die-onderwys postuleer. Opsigtelik kondig die belangrike didaktiese grondvorm spel, drama-in-die-onderwys as nuanse daarvan aan en kan dit dus as 'n belangrike onderwysstrategie figureer. Spel beteken vir die mens en veral vir die kind lewensvervulling, dit het 'n sterk ontdekkingselement, dit stel eise aan die waaghouding van die leerder, ens. Van der Stoep en Louw (1985:66) stel dit o.a. dat: "Spel vorm vir die kind 'n brug tot die leefwêreld van die volwassene, tot 'n eie skeppende aktiwiteit en prestasie". Uit hierdie genoemde aspekte is die verband tussen spel en drama-in-die-onderwys duidelik. So beskryf Wagner (1979:13) Dorothy Heathcote, 'n bekende Britse opvoedkundige, se

dramawerk in die skole as: "...a conscious employment of the elements of drama to educate - to literally bring out what children already know but don't yet know they know".

Na aanleiding van beskikbare informasie in die literatuur wat handel oor drama-in-die-onderwys is daar een belangrike vereiste vir sukses, nl. dat die onderwyser/es in dié onderrigsituasie nie kan optree as die een wat alles weet nie. Die leerlinge moet dit beleef dat hulle self oplossings kan vind. Gevolglik sal die onderwyser/es die oordrag van informasie (Wagner 1980:14) vertraag, die irrelevante elimineer en die enkele simbole met die wydste betekenis-moontlikhede kies sodat elke leerling uiteindelik 'n eie bydrae tot die ontsluiting van die leerstof aanbied. Die onderwyser/es sal ook sensitiviteit vir die moontlikhede van die leerlinge binne die situasie moet openbaar wat aspekte soos tydsverloop tussen leerhandelinge en onderriginsette sal beïnvloed.

Heathcote (1977) noem in een van haar werke bepaalde voorwaardes vir die bevredigende funksionering van drama-in-die-onderwys:

- Die situasie wat ter sprake is moet gedefinieer word, want die situasie moet 'n vertrekpunt hê en aanvaar word deur die deelnemers as 'n fiktiewe situasie.
- Die gesigspunt van die groep is die vertekpunt vir die verbeelde situasie. Indien so 'n vertrekpunt negatief is moet dit positief gebruik word. Laasgenoemde vereis natuurlik bepaalde kundighede van die onderwyser/es.
- Die vordering moet telkens bepaal kan word. Die onderwyser/es kan dus dié onderwysituasie onderbreek vir hersiening en/of besinning en gesamentlike evaluering.
- Die werk moet stadig ontwikkel sodat die leerlinge 'n waardevolle ervaring kan hê.

Verder spreek dit duidelik uit die literatuur dat hierdie onderwysstrategie goeie voorbereiding, navorsing en beplanning verg.

Hierdie genoemde aspekte van drama-in-die-onderwys stel 'n raamwerk van kriteria daar vir die voorbereiding en beplanning van onderwysituasies wat drama as 'n metode benut. Hieroor sê Heathcote (Van Ryswyk 1986:13): "Drama onderrig dus soos volg: Dit isoleer een oomblik en gebruik die ervarings van die persone wat by daardie oomblik

betrokke is. Hulle word met hulle eie beslissings en daade gekonfronteer en hulle moet vorentoe beweeg na 'n bevredigende, geloofwaardige oplossing".

Dit is nou moontlik om vanuit hierdie onderwysstrategie die aanvullende metode van rolspel te bespreek.

5. ROLSPEL

5.1 Die betekenis van rolspel binne onderwysverband

Soos uit die literatuur blyk is rolspel 'n aktiewe betrokkenheid van die onderwyser en die leerling in 'n lessituasie of 'n reeks van lessituasies sodat daar hier sprake is van onderwyser-in-rol en kind-in-rol. Gewoonlik tree die onderwyser in 'n rol om die leersituasie aan die gang te kry en fiksering op die betrokke onderwerp te bewerkstellig. Hy/sy kan ook weer uit rol tree indien dit nodig blyk te wees. Die leerling word ook in "in-rol" geplaas sodat die leergebeure 'n aanvang neem deur eie ervaring. Wagner (1980:131) noem drie reëls vir die rolspelmetode, nl. (i) dat die onderwyser nooit langer "in-rol" moet bly as wat nodig is om die denke en emosionele energie van die leerlinge aan die gang te kry nie, (ii) dat die onderwyser-in-rol informasie deur die nie-verbale oordra en min sê, wat besonder effektief kan wees wat leerlingrespons betref, en (iii) die onderwyser/es moet ook die outoriteit van die rol gebruik om die groep as 'n eenheid te laat funksioneer en om individuele leerlinge wat nie daarin kan slaag om "in-rol" te kom nie, te betrek.

Die doelstelling van die aanwending van die metode is veral tweërlei van aard want dit fokus op die ontplooiing van die individu asook op verbreding van kennis van en insig in 'n bepaalde aspek van die werklikheid, in dié geval van spesifieke taal-inhoude.

Die ontplooiing van die kind in 'n onderwysituasie dui op sy volwassewording, wat beteken dat hy/sy geleidelik 'n eie staanplek in die lewe sal verower. De Kock (1978:72) sien dit in hierdie verband as die skepping van 'n "eie rol" en die ontdekking en identifisering hiervan is deel van volwassewording. Hieroor sê sy verder: "Die rol in die drama-in-die-onderwys is dan nie net 'n kyk na die wêreld buite die self nie, maar word ook 'n manier [van] self-evaluering, selfaanvaarding en selfhantering wat in noue verband staan met selfbeeldvorming. Die rolspel bied die geleentheid vir die leerling om te eksperimenteer binne 'n veilige milieu in 'n verbeelde leefwêreld om sodoende nader te kom aan die

selfontdekking van 'n eie rol". Daar moet ook in die verband begryp word dat die sogenaamde "rol" altyd verteenwoordigend is van bepaalde inhoude (leerinhoud) en binne die rol moet die leerling probleme oplos, besluite neem, ensovoorts aangesien die inhoud besig is om met die leerling self te gebeur. De Kock wys ook daarop dat hierdie verbeelde situasie, d.w.s. die rolspel altyd in die teenwoordige tyd plaasvind wat dan ook bydra tot die impak en dinamiek van die spesifieke metode. Deur die onderwyser se rol in die les-situasie verander hy die probleemveld van die leerinhoud wat bemeester moet word in 'n, vir die leerling herkenbare en oplosbare probleem, wat fokus op die leeraktiwiteite, ook navorsings-aktiwiteite van die leerling-in-rol. Deur hierdie metode word die onderwyser op 'n ideale wyse die skepper van leergeleenthede en leerervaring vir die leerder wat dan deur gesamentlike respektiewelik onderrig- en leerhandelinge kan lei tot outentieke beheersing van die werklikheid. Dit het ook die voordeel dat die tradisionele maksimum onderwyserpraattyd en onderwyserhandelings tyd binne 'n lessituasie verander na maksimum leerlinghandelings tyd, leerlingpraattyd en na die gesamentlike soeke na oplossings. Die leerlinge kan ook hier die gevoel kry dat hulle verantwoordelik is vir die verloop van die onderwysituasie wat opsigtelike didaktiese voordele inhou. Dit is duidelik dat die bydrae van die leerlinge die lesverloop radikaal beïnvloed. Die onderwyser maak dus in sy beplanning voorsiening vir die leerling om te bevraagteken, self te ondersoek en nie net gegewe leerinhoude te memoriseer en te reproduseer nie. Die leerling word dus betrek in 'n aktiewe, geleidelike najaag van outentieke leerrestulate.

Daar moet begryp word dat mens hier met 'n aanvullende taalonderwysmetode te make het wat selektief volgens die aard en moontlikhede van die betrokke inhoud en die moontlikhede en voorkeure van die onderwyser/es toegepas kan word.

5.2 Die beplanning van rolspellese


Die rolspelmetode maak dit vir die leerling moontlik om meer ongebonde en vry toe te tree tot 'n leersituasie en daarom verg die beplanning van dié leersituasies selfs meer as in ander gevalle 'n versigtige en 'n didakties-verantwoordbare benadering. Die onderwysmodel wat deur Van der Stoep en andere (1973) ontwikkel is, bied die ideale beplanningsdoelwitte aan die hand waarvan so 'n leersituasie ontwerp kan word. In 'n vakdidaktiese werk vir die onderrig van Afrikaans as eerste taal op sekondêre vlak bied die outeurs Meij, Kühn en Snyman (1985:7) die volgende skematiese voorstelling van die genoemde model vir Afrikaansonderrig:

'N SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE LESSTRUKTUUR

| LESSTRUKTUUR |

Die sillabusonderwerp
 Reduksie van die nuwe leer-
 stof

> Die formulering van
 leerdoelwitte



DIE LESVORM

1. Werkwyse
 - o Induktief, of
 - o Deduktief
2. Die didaktiese grondvorme en die ooreenstemmende metodes
 - (a) Gesprek
 - o Vraag en antwoord
 - o Vertelling
 - o Bespreking
 - (b) Spel
 - o Taalspeletjies
 - o Vrye spel (geen reëls)
 - o Spel met reëls
 - o Kompetisies
 - o Improvisering
 - o Dramatisering
 - o Rolspel
 - (c) Voorbeeld
 - o Werklike voorbeelde van leerstof
 - o Demonstrasie vir nabootsing

DIE LESVORM (vervolg)

(d) Opdrag Vraag en antwoord
 Projekwerk
 Geprogrammeerde onderwys

3. Onderwysmiddele/-media

Die film
 Die skyfieprojektor
 Die oorhoofse projektor
 Die kassetspeeler
 Prente
 Plakkate
 Diagramme
 Ware objekte
 Modelle
 Drie-dimensionele modelle

4. Die leerwyses

Onderrig is altyd afgespits op leer. Die onderwyser hou daarom tydens sy lesbeplanning die wyses waarop die kind leer, in gedagte. Die volgende leerwyses is van belang:

gewaarwording
 waarneming
 dink
 voorstel
 naboots
 fantaseer en
 memoriseer

Bestudeer hierdie aspek uit die werk van Sonnekus (1975) wat in die aanbevole literatuurlyks aan die einde van die hoofstuk aangegee word.

In die lig van hierdie onderwysmodel se essensies, fokus die aanpak en beplanning van rolspellesse veral op die volgende aspekte:

- o Die reduksie tot essensies van die leerstof verg 'n deeglike en diepgaande kennis daarvan. Die onderwyser moet dus die grense van die leerstof bepaal en besluit waar en hoe navorsing vir die ontsluiting van die inhoud sal plaasvind.
- o Leerdoelwitformulering

Dit is uiters belangrik dat die onderwyser vasstel presies wat die leerlinge moet kan doen, ervaar, beleef en in watter taalvaardighede (luister, praat, lees en skryf) die leerlinge hulle belewinge, kennis, ens. moet kan weergee. Verskeie kenners op die gebied keur vaagheid en planloosheid af. Juis hierdie metode verg deeglike besinning en

beplanning omdat die verloop van so 'n les selde geantisepeer kan word. Onderwyser en leerlinge moet dus divergerend kan dink en handel. Die formulering van leerdoelwitte in terme van presiese resultate is hier essensieël.

o Aktualisering van voorkennis

Die onderwyser beplan hier deeglik hoe die reeds bestaande kennis (voorkennis) weer opgeroep kan word of/en aangewend kan word vir aansluiting by die nuwe leerstof.

o Probleemstelling

Die onderwyser moet die leerlinge met 'n probleem (in terme van die leerdoelwitte) konfronteer waarom die leerbeure sal wentel.

o Eksposisie van nuwe inhoud

Vir die beplanning van die beheersing van die nuwe inhoud, sal die onderwyser die volgende moet bepaal:

- Is 'n verbeelde situasie moontlik vir die spesifieke leerstof en is daar geskikte rolle vir onderwyser/es en leerlinge?
- Indien die onderwyser "in-rol" kan tree moet hy vasstel watter vrae deur die rol die essensie van die leerstof duidelik sal omlin.
- Watter uitdagings stel die rolle aan die deelnemers en hoe gaan hierdie uitdagings hanteer word?

o Funksionalisering

Die onderwyser moet beplan hoe die leerlinge hulle nuwe insigte gaan inoefen. Hier speel die taalvaardighede weer eens 'n belangrike rol.

Die vormlike aspekte van die onderwysmodel soos in die skema aangedui, verteenwoordig al die moontlikhede vir die aanbieding van rolspelle en die onderwyser en leerlinge se keuses val hierbinne.

Ten slotte is dit so dat ons huidige onderwysstelsel in ons skole en die huidige onderwysersopleiding nie 'n vrugbare teëlaarde vir hierdie wyse van kreatiewe onderrig en leer skep nie, maar met die nodige entoesiame, kennis en toewyding van die taalonderwysers in ons land kan dit wat reeds begin is in die veld, uitgebou word tot 'n stelsel wat wel voorsiening maak vir kreatiewe, outentieke onderrig en leer.

BIBLIOGRAFIE

- Bloom, B.S. 1956. Taxonomy of educational objectives, Handbook 1 : Cognitive domain. NYX David McKay.
- De Kock, D.M. 1987. Drama-in-die-onderwys as onderwysstrategie. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- Heathcote, D. 1977. Drama as a Learning Medium. United Kingdom : Hutchinson.
- Meij, K., T. Kühn & R. Snyman. 1985. Vakdidaktiek : Afrikaans Moedertaal in die sekondêre skool. Pretoria: De Jager-HAUM.
- Robinson, K. 1980. Exploring Theatre and Education. London: Heinemann.
- Seitz, R. 1974. Training for creativitiy. Education, vol. 9: 28-33.
- Van der Stoep, F. & W.J. Louw. 1985. Inleiding tot die didaktiese pedagogiek. Pretoria: Academica.
- Van der Stoep, F., C.J. van Dyk, A. Swart & W.J. Louw. 1973. Die Lesstruktuur. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Wagner, B.J. 1980. Dorothy Heathcote: Drama as a learning medium. Hutchinson Publishing Group (S.A.) Pty. Ltd.



programmed instruction language learning

» P.I.L.L. stands for Programmed Instruction Language Learning – the original programmed learning method.

» P.I.L.L. teaches you fast because it breaks down each language into its basic structures – the ‘framework’ into which you quickly ‘slot’ each new word you learn.

» With P.I.L.L. you learn to respond – and THINK – in your new language right from the start.

» P.I.L.L. encourages you to listen *and respond* – to join in conversations from the moment you begin. You learn to speak *naturally*, with an authentic accent.

» P.I.L.L. ensures for you a more comprehensive vocabulary in your chosen language, than many of us use *in our own language* in a whole month.

» P.I.L.L. is *proven*. Typical users of the P.I.L.L. method include airport authorities, leading companies, banks, and government departments, as well as many progressive schools and universities, and tens of thousands of holidaymakers. A comprehensive list of users will gladly be supplied on request.

» P.I.L.L. is private tuition at its lowest possible cost.

World of Learning (SA) (Pty) Ltd
 P.O. Box 47004 Reg. No. 78/03348/07
 Parklands 2121

4 Illovo Square, 3 Rivonia Rd, Illovo 2196
 Telephone: (011) 788-9883/788-4808